**BEKEER JOU TOT DIE HERE EN WEES YWERIG IN JOU DIENSWERK**

**Lees: Openbaring 3: 14 - 22**

Die gemeente van Laodicea was ‘n rykmans gemeente. Hulle het baie goed gedoen met skaapboerdery, en veral skape met swart wol geteël want die swart wol was die wêreld deur gesog. Dit het gelei tot die ontstaan van ‘n tekstiel bedryf met die maak van klere met hierdie swart wol.

Nog verder was hierdie mense bekend vir ‘n oogsalf wat hulle vervaardig het om oogsiektes te genees. Daar was egter een probleem. Die dorp het nie lekker vars koue water gehad nie. Hulle water was lou warm en het ‘n swael reuk gehad. As hulle water wou drink moes hulle dit kook en laat afkoel.

Teen hierdie agtergrond kom Christus deur Johannes en skryf aan hulle hierdie brief. Christus word in vers 14 beskryf as die “Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God”.

Maar Hy het ‘n probleem met hierdie gemeente. Hy ken hulle werke. Hulle is nie koud of warm nie, maar lou net soos hulle water. As gevolg hiervan sal Hy hulle uitspoeg uit sy mond uit. Die rede vir hierdie aanklag kom in vers 17 na vore. Hulle dink dat hulle saak met die Here reg is. Hulle dink dat hulle aan niks gebrek ly nie. En tog word hulle beskou as ellendig en beklaenswaardig. Arm, blind en naak.

Hulle besef nie dat hulle probleme het nie. Hulle is vol hoogmoed en sien geen rede om oor hulle lewens bekommerd te wees nie.

In ons wêreld en selfs in ons eie persoonlike lewens tref ons die probleem aan dat mense selftevrede raak. Solank ek glo dan is my saak reg by die Here. Mense sien nie meer die gevaartekens in hulle lewens raak nie. Hulle besef nie dat hulle ellendig en beklaenswaardig is nie. Arm, blind en naak.

Mense se kennis van die Skrif verskraal. Mense se kerkbesoek, en dankoffers is power. As daaroor gepraat word dan raak mense kwaad want ons lewe dan in moeilike ekonomiese omstandighede. Maar wat daarvan dat God gehoorsaam moet word?

Ons en die wêreld waarin ons lewe is besig om geestelik te verarm. Geen huisgodsdiens, geen kerkbywoning, geen in diepte studie van die Woord nie. Hoe wil ons dan hê dat die Here ons aanvaar as ons so lou warm is. Die Here het met so ‘n leefstyl die behoefte om ons uit te spoeg.

Daarom is dit noodsaaklik om die saak reg te stel soos God dit wil. Vers 18 moet jy ryk word deur van God te koop goud wat deur vuur gelouter is. Nie geld wat jy self gemaak het nie. Jou klere moet wit wees en nie swart soos die wol wat hulle gehad het nie. Nog verder verkry vir

jou salf wat jy kan gebruik om jou te laat sien. Nie net wat infeksie genees nie. Dan vers 19 – BEKEER JOU. Laat toe soos Paulus dit beskryf dat die Here jou deur sy Gees verander sodat jy kan onderskei wat die goeie en welgevalle en volmaakte wil van die die Here is (Rom. 12: 2).

Die pragtige belofte in vers 20 dat die wat oorwin sal saam met Hom sit op die troon. Daar sal vreugde en blydskap heers as gevolg van die oorwinning oor die sonde deur Christus. Inteendeel Hy het dit alreeds behaal. Daarom kan ons nie anders as om die weg te volg wat die Here wil hê ons moet volg nie. Indien ons ons eie weg volg dan is dit soos Spreuke 14: 12 ons leer dat daar 'n weg is wat vir die mens reg lyk maar dit lei alleenlik tot die verderf.

Word verander deur die vernuwing van julle gemoed sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

**Ds. Neville Boy**
**4 Junie 2017**